# *Riglyne tot verwelkoming van die weeklikse* Shabbat

## Vooraf:

Alle aanhalings uit Skrif kom uit die PWL[1], tensy anders vermeld. Slegs oorspronklike Hebreeuse name word gebruik en derhalwe volg 'n kort woordelys aan die einde vir diegene wat nog nie vertroud is met die name soos ons aartsvaders en ander dit gebruik het nie. Transliterasie word gedoen streng volgens fonetiese uitspraak van Hebreeuse letters en mag soms verskil van ander skrywers of vertalings.

## Inleiding:

Mense word deesdae meer en meer deur Vader uit *Bavel* uitgeroep om die Weg van Waarheid te volg – die pad wat *Yeshua* ons kom leer het ongeveer 2 000 jaar gelede, ook bekend as 'Die Weg'. Ongelukkig is dit ook 'n feit dat elke persoon wat Christenskap vaarwel roep, moontlik reeds in 'n diep groef van tradisionalisme verval het. Wanneer *Shabbat* dus aanbreek, is daardie persoon baie verlore sonder die 'gemeentelike ondersteuning' en val maklik in die slagyster om gebruike van ander groepe, soos (Rabbynse) Judaïsme (RJ) na te volg. Meeste van daardie gebruike is egter net dit: gebruike. Hierdie gewese Christen is nou soos 'n koplose hoender en verruil baie maklik een stel (verkeerde) tradisies vir 'n ander; voordat hy dit besef, is hy kniediep binne-in 'n verlore en nagemaakte godsdiens waar *YAH* se Naam gereeld genoem word, sonder dat Hy werklik vereer en aanbid word volgens Sy reëls en voorwaardes. Ons vind by meeste sulke gevalle dat *Ruach haQodesh* ook afwesig is omdat alles volgens mensgemaakte reëls nagevolg word. Lees gerus die artikel "Rabbynse Judaïsme: Het jy geweet?" [2] vir meer inligting rondom hierdie dwaalleer. Terwyl daar sommige van hulle gebruike is wat wonderlik is, behoort dit eerder herstel te word vir die volgeling van *Yeshua* soos Hy dit vir ons kom leer het. Ongelukkig is meeste van hulle (RJ) gebruike ingestel om eerder mense te vereer as *YAH* en derhalwe behoort nuwelinge op die Weg van Waarheid verkieslik daarvan weg te bly. Dieselfde kan gesê word van meeste gebruike onder Christene, aangesien meeste daarvan oorgeneem is uit die Rooms Katolieke Kerk (RKK) wat dit op hul beurt vanuit die heidendom oorgeneem het.

Dit is uiters verkwikkend om 'n paar minute te gebruik om *Shabbat* te verwelkom, om af te skakel van die week se sorge, laste, probleme en te ontspan in Vader se Teenwoordigheid. Die 'rus' waarvan Skrif melding maak beteken egter nie om heeldag te lê en slaap nie! Dit beteken om tyd met mekaar deur te bring in Vader se Teenwoordigheid, om deur Hom self geleer te word uit die hele Skrif. Dit is 'n dag wat elke familielid soveel aandag moontlik aan al die ander gee.

## Geen mondering of toehoorsels:

Voordat ons by enige besonderhede en voorgestelde gebruike kom, is dit noodsaaklik om te weet dat daar geen voorafopgestelde rituele of metodes in Skrif is waarvolgens *Shabbat* welkom geheet of ingewy word nie. *Shabbat* is ook nie 'n somber of treurige tyd nie – inteendeel, dit is 'n tyd van blydskap, omdat ons 'n afspraak met ons Skepper-*YAH* nakom! Die verwelkoming van *Shabbat* moet dus iets wees om elke week na uit te sien. Hierdie kort handleiding dien derhalwe slegs as gids vir mense wat Christenskap vaarwel toegeroep en volgens Openbaring 18:4 "uit haar uit gegaan het"

1 Pad van Waarheid tot die Lewe, 'n vars Afrkaanse vertaling, laaste hersiening 2017, deur Gerrie Coetzee (www.padwlewe.co.za)

2 https://silvertrumpet.net/wp-content/uploads/2026/03/RabbynseJudaismeReeks.pdf

om dan met blydskap die *Shabbat* aan te kondig, te onthou en te vier. Daar is ook nie 'n vasgestelde volgorde van verrigtinge of bepaalde tydsduur nie; alle *Shabbat*onderhouers wag egter tot so na moontlik as sononder voordat enige verwelkoming begin. Genoeg inligting is op die internet beskikbaar by 'n webwerf soos https://www.timeanddate.com/sun/south-africa/. Vul slegs die grootste stad naby jou in, kies die regte maand en al die inligting is daar. Meeste moderne polshorlosies en selfone gee egter ook die presiese tyd vir sonsondergang wat kan dien as maatstaf. Niemand het nodig om Hebreeus te leer of te kan praat tydens hierdie verwelkomingsgeleentheid nie. Indien daar egter iemand is wat Hebreeus magtig is, kan seënwense in Hebreeus gedoen word.

## Feestelike en weeklikse *Shabbat*:

Die woord '*Shabbat'* kom sowat 105 keer voor in Skrif – 51 keer in die *TaNaKh*[3] en 54 keer in die Apostoliese Skrifte[4]. Daar word op verskeie plekke verwys na die dag wat Vader vir ons afgesonder het om 'n afspraak met Hom na te kom. Die eerste hiervan is reeds vroeg:

> *B'reisheet* 2 [2]Op die sesde dag is *Elohim* se werk, wat Hy gemaak het, voltooi en op die sewende dag het Hy gerus van alle werk wat Hy gemaak het [3]en *Elohim* het die sewende dag geseën en dit afgesonder omdat Hy daarop gerus het van al Sy werk; dit wat *Elohim* geskep het op 'n *Elohim*-eie manier.

Hierdie sewende dag is deur *YAH* geskep vir die mens. *Yeshua* leer ons:

> *Marqos* 2 [27]Hy sê vir hulle: "Die *Shabbat* is gemaak vir die mens, nie die mens vir die *Shabbat* nie; [28]daarom is die Seun van die mens ook Meester van die *Shabbat*."

Al *YAH* se reëls was reeds in plek voor Skepping, maar Hy het dit opgesom in Tien Woorde[5] en by die berg *Sinai* direk en persoonlik vir die volk van *Yisra'el* gegee, waarvan onder meer die onderhouding van *Shabbat* deel uitmaak en die langste omskrywing behels. Baie lank voor dit was fit egter alreeds duidelik gewees dat *YAH* die sewende dag nie net afgesonder het sodat ons Hom kan eerbiedig nie, maar ook omdat Hy 'n spesiale afspraak met elke mens op aarde wou bewerkstellig. Ons sien dit, onder andere:

> *Sh'mot* 16 [23]en hy sê vir hulle: "Dit is wat יהוה gesê het: Môre is dit 'n rusdag, 'n afgesonderde *Shabbat* tot יהוה. Wat julle wil bak, bak dit en wat julle wil kook, kook dit en bêre vir julle alles wat oor is, om dit te bewaar tot die oggend toe."

'n Bevestiging hiervan is twee verse later:

> *Sh'mot* 16 [25]*Mosheh* sê: "Eet dit vandag, want dit is vandag 'n *Shabbat* tot יהוה. Vandag sal julle dit nie in die veld kry nie.

*Shabbat* is 'n ewige teken en verbond tussen *YAH* en Sy volk, *Yisra'el*. Dit is belangrik dat mense hierdie gedagte ten volle begryp en derhalwe het ons 'n kort video[6] saamgestel wat dit goed uiteensit. *Shabbat* is lank voor *Pesach* ingestel en ons sien die onderhouding daarvan opgeteken:

> *Sh'mot* 31 [12]יהוה het met *Mosheh* gepraat en gesê: [13]"Jy egter, moet met die kinders van *Yisra'el* praat en sê: 'Julle moet sekerlik My *Shabbatte* hou, want dit is 'n teken tussen My en julle regdeur julle geslagte sodat julle kan weet dat Ek יהוה is wat julle afsonder. [14]Onderhou daarom die *Shabbat*, want dit is vir julle afgesonder. Hy wat dit verbreek, moet die dood sterf, want wie ook al daarop werk doen, dié persoon moet afgesny word vanuit sy volksgenote.

---

3 Die Hebreeuse akroniem vir die "ou testament", soos gebruik was deur *Yeshua* en ander gedurende die eerste eeu. Sien woordelys aan die einde

4 Christene noem hierdie verkeerdelik die 'nuwe testament'.

5 Christene ken dit as die tien gebooie. 'n Kort video is beskikbaar by https://www.youtube.com/watch?v=EDaXfWwGHVw

6 Hierdie is dieselfde video as hier bo by 5.

[15]Ses dae lank kan werk gedoen word, maar op die sewende dag is daar ’n *Shabbat* van volkome rus, afgesonder tot יהוה. Wie ook al enige werk doen op die *Shabbat*dag, moet die dood sterf; [16]daarom moet die seuns van *Yisra’el* die *Shabbat* onderhou deur die *Shabbat* te vier in hulle geslagte as ’n ewige verbond. [17]Dit is ’n ewige teken tussen My en die seuns van *Yisra’el*, want in ses dae het יהוה die hemel en die aarde gemaak, maar op die sewende dag het Hy gerus en is verfris.’” [18]Toe Hy klaar met hom gepraat het op die berg *Sinai*, het Hy vir *Mosheh* die twee tafels van die Getuienis gegee, tafels van klip, geskrywe met die vinger van *Elohim*.

*Shabbat* is dus deel van die feeste wat Vader ingestel het waarvan ons lees in, onder ander, *Vayiqra* 23 en ook die belangrikste. Nie net word dit heel eerste hier genoem nie, maar vorm dit die grondslag van elk van die sewe feeste. Al Vader se feeste bestaan uit óf slegs ‘n *Shabbat* óf begin en eindig met ‘n *Shabbat*. Die feeste kan dus nie onderhou word indien *Shabbat* nie verstaan, erken en gehoorsaam word nie. Daar is derhalwe die weeklikse *Shabbat* asook feestelike *Shabbatt*e. Ten tye van feeste, is die feestelike *Shabbat* minder belangrik as die weeklikse *Shabbat* en sal ons dus in Skrif slegs lees van *Shabbat*, wat dan die weeklikse *Shabbat* aandui:

*Vayiqra* 23 [15]Julle moet tel van die dag ná die *Shabbat*, van die dag af wanneer julle die gerf van die waaioffer bring, sewe *Shabbatt*e moet voltooi wees;

Hier dui dus die weeklikse *Shabbat* aan, terwyl die feestelike *Shabbat* pertinent anders genoem word:

*Vayiqra* 23 [7]Op die **eerste dag** sal julle ’n afgesonderde byeenkoms hê; julle mag géén gewone werk doen nie. [8]Julle moet sewe dae lank ’n offer, deur vuur, tot יהוה bring. Op die **sewende dag** moet daar ’n afgesonderde byeenkoms wees; julle mag géén gewone werk doen nie.’” (nadruk bygevoeg)

## Verbonde:

In die Hebreeuse kultuur word ‘n verbond tussen mense altyd bevestig met ‘n maaltyd. Die hoof bestanddeel van ‘n maaltyd is brood en ons sien op verskeie plekke in Skrif waar ‘n ete tussen twee mense plaasvind waartydens hulle ‘n ooreenkoms of verbond bekragtig. Ons lees meeste van *YAH* se reëls en verordeninge in *Vayiqra*, maar daar is nêrens enige direkte aanwysings oor hoe om ‘n verbond tussen mense te bekragtig nie. Ons sien egter verskeie voorbeelde in Skrif: *Avraham* en *Malki-Tzedek* (*B’reisheet* 14:17-20), *Yitz’chaq* en *Avimelekh* (*B’reisheet* 26:26-31), *Ya’aqov* en *Lavan* (*B’reisheet* 31:44-47) en dan ‘n baie belangrike gebeurtenis tussen *Yeshua* en Sy studentevolgelinge voor Sy kruisiging (*Marqos* 14:22-25; *Lukas* 22:19-20). Ons lees ook ‘n baie interessante geval:

*Mizmor* 23 [5]U berei ’n tafel voor my voor in die teenwoordigheid van my teëstanders; U salf my kop met olie; my beker loop oor.

Nog ‘n baie belangrike gebeurtenis is ook opgeteken in *Sh’mot* 24:1-13 en blyk ook ‘n heenwysing te wees na die gebeure rakende die laaste dae van *Yeshua*. Hier sien ons dat *YAH* mense in Sy Teenwoordigheid toelaat terwyl hulle eet en drink, waar Hy ‘n verbond sluit met die hele volk. Die belangrikste sien ons:

*Sh’mot* 24 [9]*Mosheh* het opgegaan saam met *Aharon*, *Nadav*, *Avihu* en sewentig van die oudstes van *Yisra’el* [10]en hulle het die *YAH* van *Yisra’el* gesien en onder Sy voete was dit net soos ’n vloerwerk van stene van saffier en so helder soos die hemele self. [11]Hy het nie Sy hand teen die leiers van die seuns van *Yisra’el* uitgesteek nie en hulle het *YAH* gesien en het geëet en gedrink.

Daarna gaan *Mosheh* en *Y’hoshua* op na die berg om die verbondstafels te kry.

## *Pesach* = liefdesmaal ≠ 'nagmaal':

'n Ander belangrike aspek wat ook 'n leuen is vanuit die Rooms-Katolieke onderneming en oorgespoel het na die Protestantse kerke, ten spyte van die Hervorming, is die verontagsaming van *Pesach*, maar die verkeerdelike gebruik van 'nagmaal' wat Christene meestal gedurende die dag vier. *Yeshua* het nooit nagmaal ingestel die aand voor sy folterdood nie. Daardie woord is ingebring deur die vader van leuens deur middel van die RKK. Ons artikel "Leuens wat die Kerk my geleer het" is tans besig om hersien te word en baie van hierdie leuens word hierin aangespreek. Ons het ook 'n kort artikel, "Waarom 'nagmaal' 'n euwel is"[7]. Die maaltyd wat *Yeshua* en Sy studentevolgelinge geniet het, was 'n liefdesmaal, 'n afskeidsmaal, 'n *Pesach*-maal, op die laaste dag van voorbereiding vir *Pesach* – moontlik 'n vroegaand maaltyd, maar definitief nie nagmaal nie. Bogenoemde artikel verduidelik dit breedvoerig. Vergelyk ook *Mattityahu* 26:17; *Marqos* 14:12; *Luqas* 22:7. Volgens *Sh'mot* 12:3-28 is *Pesach* ingestel as 'n jaarlikse gebeurtenis en daar was geen verbond betrokke nie. *Pesach* was bloot *YAH* se verlossing van Sy volk uit slawerny en 'n heenwysing of sinnebeeld na ons verlossing in *Yeshua*. Die verbond het later gevolg by *Sinai*, toe Vader-*YAH* ook die Tien Woorde, die opsomming van Sy volledige *Torah*, vir *Yisra'el* gegee het en deur hulle ook vir die hele mensdom.

Soos vroeër gesien, is 'n verbond gesluit met gesuurde (normale) brood, terwyl die instruksies van *Pesach* baie duidelik ongesuurde brood vereis. *Yeshua* het dus nie 'n verbond gesluit of hernu met Sy *talmidim* tydens hul laaste maaltyd nie, want Skrif maak duidelik melding van ongesuurde brood in *Marqos* 14:22. Volgens Vader se reëls moes alle suurdeeg verwyder wees voordat *Pesach* aanbreek. Dit is dus onmoontlik dat *Yeshua* en Sy volgelinge gesuurde brood sou eet. Hy het op daardie stadium ook nog nie die profesie rakende die *Pesach*-lam vervul nie en dus kon geen nuwe of hernude verbond ingestel word nie. *Yeshua* het wél Sy *talmidim* ingelig rakende die hernuwing van die verbond en vir hulle die teken daarvan gegee, maar daardie hernuwing kon eers in werking tree na die opstanding en ook nadat *Yeshua* Homself as Eerste Vrugte (waaioffer) aan Vader gaan vertoon het en as sulks aanvaar is. Ons lees:

> 1 Korintiërs 11 [24]en Hy het dit geseën, dit gebreek en gesê: 'Vat en eet; dit is My liggaam wat vir julle gebreek word; **so moet julle doen om aan My te dink**.' [25]Net so ook die beker ná die ete, met die woorde: 'Hierdie beker is die nuwe verbond in My bloed; **so moet julle dit doen, elke keer as julle drink om aan My te dink**,' (nadruk bygevoeg)

*Sha'ul* gebruik in beide gevalle die woorde "so moet...", maar slegs eenkeer die uitdrukking 'elke keer'. Hierdie is 'n duidelike opdrag dat *Pesach* slegs eenmaal per jaar gedenk word, soos *YAH* beveel het. Die RKK het weereens die ganse mensdom belieg en mislei deur weeklikse, maandelikse of kwartaallikse viering van die 'nagmaal'. Net 'n gedagte: vier jy jou verjaardag jaarliks of 'so dikwels as wat jy daaraan dink'? As verbondsvolk, geestelike *Yisra'el*, is ons dus verplig om hierdie *Sinai*-verbond waarvan ons deel is, jaarliks na te kom en om *Pesach* te herdenk. Tydens verwelkoming van *Shabbat* herdenk ons juis die verbond soos vervul deur *Yeshua*, terwyl ons onsself geestelik afskei van die buitewêreld.

Laastens leer ons:

> *Yochanan* 20 [17]*Yeshua* sê vir haar: "Moenie My vashou nie, want Ek het nog nie opgegaan om by My Vader te wees nie, maar gaan na My broers toe en sê vir hulle: 'Ek gaan op na My Vader en julle Vader en My *YAH* en julle *YAH*'."

Hierdie vers dui nie op *Yeshua* se hemelvaart nie, maar dat Hy moes opgaan na *YAH* om Homself aan te bied as die finale, aanvaarbare waaioffer. Vergelyk *Sh'mot* 29:1-37 waar die inhuldiging en afsondering van die eerste Levitiese priesters, *Aharon* en sy seuns, beskryf word. Sodra *Yeshua* deur

7 https://silvertrumpet.net/wp-content/uploads/2026/03/nagmaal-euwel-v2.pdf

*YAH*-die-Vader aanvaar is as die volmaakte waaioffer, sou Hy dan ingehuldig wees as die nie-Levitiese Hoofpriester in die orde van *Malki-Tzedeq*.

## ***YAH* se reëls vir alle volke:**

Volgens die stamboom van *Noach* in *B'reisheet* 10 sou daar 70 nasies vanuit hom uitvloei[8]. Hierdie volke sou indirek ook die *Torah* (*YAH* se reëls) ontvang. Terwyl dit nie pertinent in Skrif gemeld word nie, is daar verskeie wysgere en ander geleerdes wat in kommentaar op *D'varim* 27:8 van mening is dat die woorde "baie duidelik" ook die tale van daardie 70 nasies insluit [9]. *YAH* se reëls, Sy instruksies vir die mens, die *Torah*, is dus nie net vir die Joodse volk (*Yisra'el*) of Hebreërs nie, maar vir elke persoon op aarde. Ons het ook vroeër in *Sh'mot* 24:9 gelees van die sewentig oudstes, wat weereens vermeld word in *B'midbar* 11:16. Die getal 70 is die produk van 7 (volheid) en 10 (volledigheid, *YAH* se reëls) en dus verteenwoordigend van beide *Yisra'el* sowel as die res van die wêreldbevolking. Dit is juis ook vir hierdie rede dat *Yisra'el* 'n volk van priesters sou wees, sodat hulle die ander nasies kon leer en bearbei. As gevolg van hul sonde met die goue kalf, het hulle egter daardie voorreg verbeur en 'n volk geword met priesters.

## **Die rus van *Shabbat*:**

Die 'rus' waarvan gepraat word tydens onderhouding en eerbiediging van *Shabbat* gaan nie noodwendig om fisiese rus nie, maar wel om in geheel af te skakel van normale weeklikse bedrywighede. Vader wil hê dat ons alles vergeet wat in die voorafgaande week gebeur het, nie eens dink aan die nuwe week wat voorlê nie, maar net op Hom alleen fokus. Hy gebruik spesifiek die woorde זָכ֛וֹר (*zachor*), onthou, in *Sh'mot* 20:8 en שָׁמ֛וֹר (*shamor*), onderhou, in *D'varim* 5:12 sodat ons gedagtes slegs by *Shabbat* sal wees en ons alle ander dinge tydelik vergeet – ons daaglikse werk of skool, politiek, wêreldgebeure, hartseer, selfs wêreldse blydskap. Ons onderhou (beskerm) dit ook deur die hele dag al ons aandag aan Hom alleen te gee sodat ons gedurende hierdie tyd by Hom leer hoe om Sy Woord in elke opsig te kan verstaan, te kan uitleef, veral ook gedurende weeksdae, die ses dae buite *Shabbat*. Na regte behoort ons eintlik nie oor enige sekulêre onderwerpe te gesels of besprekings te hê wat nie op *Shabbat* gerig of van toepassing is nie. Dit is egter belangrik om te onthou dat *Shabbat* en die verwelkoming daarvan nooit 'n las moet word nie – dit moet nooit gesien word as 'n plig nie en behoort onder alle omstandighede iets te wees waarna die hele gesin met blydskap uitsien.

Ter aansluiting by rus is dit ook nodig om te besef dat alle voedsel vir *Shabbat* verkieslik vooraf voorberei word. Ons onderskryf nie noodwendig sommige van die dwase reëls van Rabbynse Judaïsme rakende elektrisiteit, gebruik van motors en dies meer nie. Dit gee mens egter meer tyd om in Skrif te spandeer indien maaltye vooraf voorberei en later net verhit of selfs teen kamertemperatuur geëet word.

## **In kort:**

Die Hebreeuse woord קִדוּשׁ, *qidush* (kie-doesh), is die algemene woord wat gebruik word vir die verwelkoming van *Shabbat* en beteken 'afsondering' of 'om af te sonder'. Die wyn en brood tydens die verwelkoming van *Shabbat* (*qidush*) is dus nie 'nagmaal' nie, maar eerder 'n liefdesmaal, selfs 'n verbondsmaal. Dit verteenwoordig die verbond wat Vader deur *Yeshua* kom hernu het en op hierdie

---

8 http://jewishencyclopedia.com/articles/11382-nations-and-languages-the-seventy

9 The command is repeated (*v.* 4), and orders are given that it be written, not very finely, to be admired by the curious, but very plainly, that he who runs may read it, Hab. ii. 2. The word of *YAH* needs not to be set off by the art of man, nor embellished with the *enticing words of man's wisdom.* But, (2.) The inscription was to be very great: *All the words of this law, v.* 3, and again, *v.* 8. (Matthew Henry's Whole Bible Commentary)

wyse word *Shabbat* in geheel afgesonder van die res van die week. Aan die einde van *Shabbat* gebeur die teenoorgestelde, soos later verduidelik sal word.

## Benodighede:

Daar is slegs een spesifieke bestanddeel nodig vir *Shabbat*: 'n opgewonde verwagting.

Die ondergenoemde benodighede is nie-verpligtend, maar kan gebruik word soos deur persoonlike oortuiging:

*Shofar*
Welwillendheidsbussie
Kers (verkieslik in 'n kershouer)
Brood[10], broodbord, sout. 'n Mooi (borduurde) lap kan na keuse gebruik word om die brood te bedek
Wynglas of -beker met seremoniële of ander wyn / druiwesap na keuse
'n Heerlike, normale aandete

## Aankondiging:

Wanneer die son gesak het, begin die nuwe dag en in hierdie geval is dit *Shabbat* – die enigste dag uit sewe waarvoor *YAH* self 'n naam gegee het. Soos voorheen genoem, is dit 'n heuglike ervaring om uit te sien om *Shabbat* saam met Vader deur te bring. Ons verkondig dit aan die hele wêreld deur die blaas van die *shofar*. Hierdie kan die horing van 'n koedoe of enige ander rein dier wees. Daar is geen spesifieke klanke wat gemaak hoef te word nie, solank dit die hele buurt laat weet dat *Shabbat* aangebreek het! Die gedagte is om verskillende klanke of note te blaas vir 'n minuut of twee.

Sommige mense mag dalk nie 'n *shofar* besit of dit kan blaas nie, maar daar hoef geen verskoning te wees nie. Die eerste skakel op die musieklys aan die einde is vir 'n video waarop verskeie klanke uit die *shofar* gehaal word. Dit kan dien as inspirasie vir die aspirant blaser, of 'n alternatief om so hard moontlik te speel. Die gedagte is om die hele area bewus te maak van die aanbreek van *Shabbat*.

## Liefdadigheid:

Hierdie liefdadigheids- of welwillendheidsbussie kan enige houer wees; 'n ou spaarbussie of iets dergeliks wat later oopgemaak kan word om die inhoud te verwyder. Die bussie is daar vir die spesifieke opdrag wat Vader ons beveel het om vrylik te gee. Ons sien die eerste opdrag in *Torah*:

> *D'varim* 15 [10]Jy moet gewilliglik aan hom gee en jou gedagtes moenie bedroef wees as jy aan hom gee nie, want ter wille hiervan sal יהוה, jou *Elohim*, jou seën in al jou werk en in alles waar jy jou hand aan slaan,

*Marqos* beskryf vir ons in hoofstuk 12:41-44 van die weduwee en haar twee muntstukke en dan lees ons:

> *Luka* 21 [1]*Yeshua* het gekyk na die rykes wat hulle offers in die skatkamer gegooi het [2]en Hy sien ook 'n arm weduwee wat twee klein geldstukkies (shemonas) ingooi. [3]Hy sê: "Die realiteit,

10 Hierdie brood is gewoonlik gevleg en word '*challah*' (galla) genoem (https://en.wikipedia.org/wiki/Challah), maar het ook verskeie ander name. Volgens die bevel van *YAH* in *B'midbar* 15:19 sit ortodokse Jode gewoonlik twee heel brode op die tafel tydens elke maaltyd gedurende *Shabbat*. Daar is egter geen reëls vir *Shabbat* van hierdie aard in Skrif nie en een brood is voldoende. Die brood is verkieslik gewone gesuurde brood, maar mense wat ly aan graan onverdraagsaamheid (wheat intolerance) kan gebruik maak van *matzah*, of ongesuurde platbrood.

sê Ek vir julle, is dat hierdie arm weduwee meer as almal ingegooi het, [4]want hulle almal het uit die oorvloed wat hulle het by die offerkamer van *YAH* ingegooi, maar sy het uit haar behoefte, alles ingegooi wat sy besit."

Hierdie bussie kan belaai word met enige bedrag, note of munte. Dit hoef ook nie met elke *Shabbat* volgemaak te word nie. Wanneer dit egter vol is, word die inhoud uitgehaal en aan behoeftiges uitgedeel soos Vader dit op jou hart gelê het. Nodeloos om te noem dat dit nie gedurende *Shabbat* leeggemaak of aangewend mag word nie, behalwe in werklike nood.

## Aansteek van die kers:

Alhoewel kerse baie jare gelede gebruik was om lig te voorsien voordat elektrisiteit beskikbaar was, is daar geen opdrag in Skrif dat 'n kers aangesteek moet word om *Shabbat* in te wy nie. Baie jare gelede sou die vrou van die huis kerse aansteek wanneer die son begin sak omdat sy besig is om kos voor te berei vir die *Shabbat*-maaltyd terwyl die lig dowwer raak. Haar man sou moontlik nog nie terug wees van die landerye of sy werk nie. Vir hierdie rede, en geen ander nie, is dit dan ook die vrou se voorreg om die seremoniële kers vir *Shabbat* aan te steek. Hierdeur word *Yeshua* verteenwoordig as die Lig in ons lewens en ons huise. Ons lees:

*Mishlei* 31 [15a]Sy staan ook op terwyl dit nog nag is...

en dan weer:

*Mishlei* 31 [18b]...haar lamp gaan reg deur die nag nie uit nie.

*Shabbat* herinner ons aan die Skepping en dat Vader die vrou as hulp vir die man geskep het. Neem dus asseblief kennis dat daar geen voorgeskrewe gebed is wat deur die vrou of enigiemand anders gesê moet word nie, ook nie die vreemde gebare wat Joodse vrouens doen nie. Ons word wel gemaan om die *Shabbat* af te sonder (*Sh'mot* 20:8-11); *Yesha'yahu* 58:13; Hebreërs 4:9 en verskeie ander verse) en dit kan in die gebed genoem word. As aanknoping kan met een vers begin word soos ons dit sien:

*Yochanan* 8 [12]*Yeshua* het weer met hulle gepraat en gesê: "Ek is onveranderlik dieselfde, die Lig van die wêreld; wie My ook al volg, sal nie in die duisternis loop nie, maar sal die Lig van die lewe vind."

Die Jode het vroeër die gebruik gehad om hul huise met 'n kers te deursoek voor die aanbreek van *Pesach*. Die rede hiervoor is dat Skrif ons leer dat die kers die lamp is wat die mens se gees verteenwoordig en tot in die binneste van jou wese soek, waar niks Vader se oog kan mis nie:

*Mishlei* 20 [27]Die gees van die mens is 'n lamp van יהוה, wat die dieptes van die innerlike deursoek.

Dit staan die vrou egter vry om Vader vrylik te loof en dank wanneer sy die kers aansteek. Sy kan 'n kort gebed van haar eie doen en eenvoudig eindig met *'Amein*'. Daarna kondig sy aan dat *Shabbat* amptelik in daardie huishouding aangebreek het.

## Lofprysing en sang:

Elke *Shabbat* behoort te begin met gebed en lofprysing en hierdie oomblik is dan juis die geleë tyd om die musiekinstrumente af te stof en Vader te eer met lofgesang. Skakels word aan die einde gegee vir gepaste musiek. Soos hierdie gebruik meer gemaklik raak, sal mense ook meer spontaan Vader loof, moontlik ook sonder hulp van buite.

Sommige mense verkies om by sekere bestaande gebruike te bly en daarvoor het ons 'n video beskikbaar gestel wat gebruik kan word as 'n belydenis. Hierdie video bevat die *Sh'ma*, 'n oproep uit *D'varim* 6:4-9, waarin ons *YAH* erkenning gee as die enigste Skepper-Lewende *Elohim*. Die woord שְׁמַע, *sh'ma* (*sh*[e]*ma*), is, net soos baie ander, ongelukkig verkeerdelik vertaal in meeste ouer vertalings slegs as 'hoor' of 'hear'. Hebreeus is egter 'n baie ryk taal en gebruik soms dieselfde woord ook vir ander betekenisse. Meeste Hebreeuse woorde kan slegs korrek verstaan word wanneer dit in die regte verband gelees word met die res van die vers. *Sh'ma* is een van daardie woorde en dit beteken in geheel om te hoor, om aandagtig daarna te luister en dit dan ook dienooreenkomstig uit te voer, om dit te doen. Hierdie paar teksverse uit Skrif word reeds vir duisende jare elke oggend en aand deur gelowige Jode gebruik. Die skakel hiervoor is ook onder die musiekskakels.

## Seëning van die beskermboodskappers:

Die gebruiklike groet in Hebreeus is '*Shalom'*, wat nie net 'hallo' beteken nie, maar waar ook aan daardie persoon vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid toegesing word. Wanneer twee (meestal *Torah*-onderhoudende) Jode mekaar groet, hoor mens gewoonlik "*Shalom, shalom!*", 'n herhaling wat dubbele seëninge uitspreek. Alternatief groet mense mekaar ook met "*Shalom aleichem*!" Hierdie woorde word eenvoudig vertaal as "vrede vir/aan julle". Die Jode is van mening dat ons nie slegs die sigbare persoon moet groet nie, maar ook die onsigbare beskermboodskapper.

Aangesien hierdie gebruik baie vreemd mag wees vir meeste mense wat uit 'n Christelike agtergrond kom, kan dit uitgelaat word totdat persoonlike sekerheid daaroor verkry is. Almal van ons is egter bewus daarvan dat Vader 'n beskermboodskapper oor elkeen van ons aangestel het. Ons mag dalk al boodskappers in ons lewens ervaar het sonder om dit te besef. Verskeie verse dui op boodskappers wat beskerm: Hebreërs 13:2; 12:22; 1:7, 13-14; *Mizmor* 34:7; 91:10-11; 103:12 en verskeie ander plekke. Ons weet ook dat *Yeshua* 'n leërmag van boodskappers kon roep om Hom te beskerm soos ons sien:

> *Mattityahu* 4 6en sê vir Hom: "As U die Seun van *Elohim* is, spring af, want daar is geskrywe: 'Hy sal Sy boodskappers bevel gee aangaande U. Hulle sal U op hulle hande dra sodat U nie U voete teen die klippe kan stamp nie'."

Hierdie word bevestig in *Luka* 4:10-11. *Yeshua* leer ons ook dat kinders beskerm word deur boodskappers:

> *Mattityahu* 18 10Pas op dat julle nie een van hierdie kleintjies verag nie, want Ek sê vir julle dat hulle boodskappers in die hemel altyd die Teenwoordigheid van My Vader, wat in die hemel is, sien,"

Daar is geen bewys dat hierdie boodskappers te eniger tyd hulself onttrek het of teruggeroep word nie. *Shabbat*, soos vroeër genoem, is 'n feestelikheid wat gepaard behoort te gaan met paslike lofmusiek wat Vader verheerlik. Dit sou dus gebruiklik wees om ook die boodskappers te verwelkom met 'n Hebreeuse lied: "*Shalom Aleichem*".

## Seëning van die vrou:

Die vrou het sopas die *Shabbat* ingelei en as versorger van die huis is dit paslik dat haar man haar seën. Hierdie seën is ook 'n dankbetuiging van die man aan *YAH* vir die vrou as sy hulp (*B'reisheet* 2:18). Hierdie mag 'n persoonlike dankgebed van die man teenoor Vader wees of dit kan voorgelees word uit *Mishlei* 31:10-31. Daar kan selfs elke week 'n sekere hoeveelheid verse voorgelees word om dan binne bestek van 'n spesifieke tydperk, miskien elke maand, die hele hoofstuk te voltooi.

## Seëning van die man:

Dit is nou die vrou se beurt om die seëning van haar man te beantwoord deur hom te seën en haar dank aan Vader te betuig. Weereens kan sy dit doen met 'n vrye gebed, of sy kan voorlees uit *Mizmor* 1 of *Mizmor* 112.

## Seëning van die seuns:

Hier word al die seuns, skoonseuns en kleinseuns geseën. Indien hulle fisies teenwoordig is, kan die vader en/of oupa sy hand op die kinders se voorkoppe plaas, dalk met 'n spesiale boodskap vir elkeen, of net sy hande na hulle uitsteek. Die seënbede is 'n vrye gebed en kan die volgende woorde insluit: "Mag hulle wees soos *Efrayim* en *M'nasheh*", aangesien dit die seën is soos *Ya'aqov* oor die seuns van *Yosef* uitgespreek het in *B'reisheet* 48:20.

## Seëning van die dogters:

Weereens sluit hierdie al die dogters, skoondogters en kleindogters in en dieselfde reël geld indien die dogters fisies teenwoordig is. Anders as met die seuns, bring ons hier ook die matriarge *Sarah*, *Rivqah*, *Le'ah* en *Rachel* in die seënbede. Sommige mense hou daarvan om *Rut* en *Ester* by te voeg, aangesien *Rut* 'n 'vreemdeling' (nie-Jood) was, net soos ons, wat *YAH* se onpartydige opregtheid ervaar het toe sy saam met haar skoonma, *Na'omi*, na *Beit-Lechem* gegaan het (*Rut* 1:16, 17, 22).

## Seëning van ander naasbestaandes, familie en vriende:

Hier hoef nie spesifieke name genoem te word nie, maar indien tyd dit toelaat sal dit ook nie verkeerd wees nie. 'n Algemene seën kan hier uitgespreek word of almal kan ingesluit word met die priesterlike seën soos ons dit vind in *B'midbar* 6:24-26:

יהוה seën jou en onderhou jou;

יהוה laat Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid oor jou skyn en gee vir jou onverdiende guns;

יהוה lig Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid oor jou op en gee vir jou vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid.

Vir diegene wat daarvoor kan sien, hier volg die Hebreeus met die transliterasie. Hou in gedagte dat die 'ch'-klank uitgespreek word as die Afrikaanse 'g':

| | |
|---|---|
| *Y'varech'cha Adonai v'yismerecha* | יְבָרֶכְךָ יְהוָה וְיִשְׁמְרֶךָ׃ |
| *Ya'er Adonai panav eleicha vichunecha* | יָאֵר יְהוָה ׀ פָּנָיו אֵלֶיךָ וִיחֻנֶּךָּ׃ |
| *Yisa Adonai panav eleicha v'yasem l'cha shalom* | יִשָּׂא יְהוָה ׀ פָּנָיו אֵלֶיךָ וְיָשֵׂם לְךָ שָׁלוֹם׃ |

## Was van hande en/of voete:

Vroeër jare het mense op sanderige en stowwerige paaie geloop. Wanneer hulle aan huis gekom het, sou die gasheer hul voete was. Die drumpel van die huis het 'n sloot bevat waarin water sou wees vir hierdie doel. Deur iemand se voete te was, het beteken dat daardie persoon in die huis verwelkom word. Om hande te was is 'n gebruik wat gedoen word eerstens as gevolg van goeie higiëne, maar dit kan ook geestelike reiniging simboliseer. Indien toegepas word, kan 'n klein skottel met water gebruik word. Die man van die huis kan sy vrou (of die persoon links of regs van hom) se hande/voete was en dan word die bakkie in daardie rigting aangestuur sodat die persoon wie se hande/voete gewas is weer die volgende persoon se hande/voete was. Hierdie gebruik kan ook gedoen word direk na die liefdadigheidskissie, as ons manier om naasteliefde te betoon, soos *Yeshua* ons geleer het toe Hy Sy studentevolgelinge se voete gewas het aand voordat Hy aan die folterpaal gesterf het. Vergelyk *Yochanan* 13:4-11. Weereens is hierdie slegs 'n aanbeveling en nie verpligtend nie.

## **Seën van die wyn:**

Alhoewel die term 'wyn' gebruik word, staan dit enigiemand vry om druiwesap in plek daarvan te gebruik. Daar word egter nooit in Skrif verwys na druiwesap nie, omdat die vrug van die wingerd outomaties fermenteer en die proses van pasteurisasie nog nie ontwikkel was nie. Juis vir hierdie rede was dit ook soms die gebruik om wyn af te water.

Skrif leer ons op verskeie plekke dat wyn vreugde bring en as sulks gebruik behoort te word. Ons sien dit onder andere in *Mizmor* 104:15 en *Qohelet* 10:9. Ons sien ook:

> *Nechemyah* 8 10b Moenie treurig wees nie, want hierdie is 'n dag van die blydskap van יהוה, Hy is julle Sterkte.

Vergelyk ook *Havakkuk* 3:19; 2 Korintiërs 3:5; 13:4. Wyn kan ook dien as medikasie indien matig gebruik word (1 *Timotheos* 5:23) en as ontsmettingsmiddel (*Luqas* 10:43). Let egter op dat alles in matigheid geskied (*Mishlei* 20:1; 23:20).

Die koppie, beker of glas wat hier gebruik word, behoort tot byna oorlopens geskink te word. Dit simboliseer die volheid wat ons van Vader ervaar in ons alledaagse lewens. Hierdie wyn verteenwoordig ook alles wat gedrink kan word. Wanneer ons die seëning doen, herinner dit ons ook aan die beker wat *Yeshua* geneem het tydens die afskeidsmaal saam met Sy studentevolgelinge.

Die seën is baie eenvoudig en terselfdertyd 'n dankgebed. Weereens kan 'n vrye gebed gedoen word, maar die dapperes kan gerus hierdie aandurf:

| | |
|---|---|
| *Baruch atah Adonai Eloheinu* | בָּרוּךְ אַתָּה יהוה אֱלֹהֵינוּ |
| *Melech ha'olam* | מֶלֶךְ הָעוֹלָם |
| *Boreh pri ha'gafen* | בּוֹרֵא פְּרִי הַגָּפֶן |
| *V'derech hadam shel Yeshua haMashiach* | וְדֶרֶךְ הדֶם שֶׁל יֵשׁוּעַ המַשִׁיָח |
| *Ga'ul otenu min hachatah* – (*Amein.*) | גָאוּל אוֹתנוּ מִן החָטַא - (אָמֵן) |

> (Let op dat die woord *amein* in hakies geplaas word. Daar is geen opdrag dat 'n gebed met *amein* afgesluit moet word nie, alhoewel dit ook nie verkeerd is nie. Weereens kan dit na gelang van die individu gebruik word.)

Op Afrikaans klink dit as volg:
Geseënd is U, *Adonai*, ons *Elohim*
Koning van die heelal
Wie vir ons die vrug van die wingerd geskep het
en deur *Yeshua*, dié Gesalfde Een,
se bloed ons van sonde vrygekoop is – (*Amein*.)

Na die seën gebruik die hoof van die huis, die vader, die woord '*l'chayim*!', wat vertaal word as 'tot (die) lewe!', neem 'n sluk wyn en gee dit aan vir al die ander om van te drink. Die gedagte hier is dat dit binne die raamwerk van 'n huishouding geskied. Wanneer vriende of ander teenwoordig is, mag dit meer higiënies wees om elke persoon van 'n glas of beker te voorsien. Weereens geskied alles per voorkeur.

## **Seëning van die brood:**

*Yeshua* is die Brood van die lewe. Hy het self gesê:

*Yochanan* 6 [51]Ek is onveranderlik dieselfde, die Lewende Brood, wat vanuit die hemel afgekom het. As iemand van hierdie Brood eet, sal hy lewe tot in ewigheid. Die Brood wat Ek sal gee, is My liggaam, wat Ek ter wille van die lewe van die wêreld, sal gee.

Wanneer ons dus hierdie brood gebruik, verteenwoordig dit nie net alle ander voedsel wat Vader ons gee nie, maar ook die Verlossing wat Vader ons deur *Yeshua* gegee het. Weereens mag hier 'n vrye gebed gebruik word, maar vir diegene wat 'n uitdaging kan aanvaar, probeer gerus hierdie:

| | |
|---|---|
| *Baruch atah Adonai Eloheinu* | בָּרוּךְ אַתָּה יהוה אֱלֹהֵנוּ |
| *Melech ha'olam* | מֶלֶךְ הָעוֹלָם |
| *hamotzi lechem min ha'aretz* | הַמּוֹצִיא לֶחֶם מִן הָאָרֶץ |
| *ve'noten lanu lechem min ha'shamayim* | וְנֹתֵן לָנוּ לֶחֶם מִן הַשָּׁמַיִם |
| *derech Yeshua haMashiach* – (*Amein.*) | דֶּרֶךְ יֵשׁוּעַ הַמָּשִׁיחַ ־ אָמֵן |

Ons huistaal laat dit as volg klink:
Geseënd is U, *Adonai*, ons *Elohim*
Koning van die heelal
Wie brood vanuit die aarde voortbring
en vir ons die Brood van die Lewe gee
deur *Yeshua*, dié Gesalfde Een – (Amein.)

Die hoof van die huis breek nou die brood, deel dit aan almal uit en daarna neem elke persoon 'n knippie sout en sprinkel dit oor die brood. Alternatiewelik word 'n bietjie sout in die hand of 'n bordjie gegooi en die brood word daarin gedruk. Sout verteenwoordig ewigdurendheid en word ook gebruik om 'n verbond te bevestig. Vergelyk *Vayiqra* 2:13 en *B'midbar* 18:19. Hier gedenk ons weereens die verbond wat Vader met ons hernu het deur *Yeshua* as die nie-Levitiese Hoofpriester in die orde van *Malki-Tzedeq*.

Na die brood kan nog 'n paar liedjies gesing word en dan breek die tyd aan om die aandete te nuttig. Daar hoef nie oor hierdie maaltyd enige seënwense uitgespreek te word nie, aangesien dit alreeds gedoen is. Dit is egter belangrik om te onthou dat 'n dankgebed na die maaltyd gedoen word; weereens 'n vrye gebed, aangesien niks in Skrif opgeteken is nie. Ons word egter beveel:

*D'varim* 8 [10]Wanneer jy geëet het en versadig is, dan sal jy יהוה, jou *YAH*, loof vir die goeie land wat Hy vir jou gegee het.

## Ter afsluiting:

'n Natuurlike vraag wat nou ontstaan is: indien ons die *Shabbat* verwelkom, hoe sluit ons dit af?

Net soos *Shabbat* aangebreek het met sononder, word dit nou beëindig met die volgende sononder. Die Jode noem hierdie afsluiting הַבְדָּלָה, *havdalah*, wat vertaal word as 'verwydering' omdat *Shabbat* nou verwyder word van die nuwe, onbekende week wat voorlê. Hulle het allerlei tierlantyntjies en rites met gekleurde kerse, verskeie speserye waaraan hulle ruik asook dieselfde seremoniële wyn wat die vorige aand gebruik is. Terwyl hierdie dalk 'n mooi gebaar kan wees en inderdaad iets besonders is om te ervaar, kos dit baie geld om sulke kerse te bekom, maar dit het verder geen geestelike waarde nie. *Shabbat* word maklik afgesluit deur 'n dankgebed aan Vader waarby weereens die hele huishouding betrokke is. Dit kan die hoof van die huis wees wat die gebed doen, of dit kan 'n kettinggebed wees waarin elke lid van die huishouding hul dankbaarheid betuig vir die voorreg om 'n hele dag *Torah* en die ander dele van Skrif te kon bestudeer. Daar kan uiteraard

ook afgesluit word met musiek of sang, aangesien niks in Skrif voorgeskryf is nie. Hierdie kan ook een van die redes wees waarom *Yeshua* gereeld Skrifgeleerdes en Wetgeleerdes beskuldig het daarvan dat hulle hul eie reëls belangriker ag as dié wat in Skrif uiteengesit word.

Die finale gedagte is dan eenvoudig om Vader te vra vir 'n seën oor die nuwe week wat voorlê, aangesien dit dan sopas aangebreek het. Die Hebreeuse uitdrukking is שָׁבוּעַ טוֹב, *shavua tov*, wat eenvoudig vertaal as "goeie sewe", waarin die 'sewe' verwys na 'week'.

Daar behoort geen moeilike, ingewikkelde of duur rites, reëls en regulasies te wees rondom verwelkoming of afsluiting van *Shabbat* nie, nog minder met die wandel op die Weg van Waarheid. *Yeshua* het vir ons gesê:

> *Mattityahu* 11 [28]Kom na My toe, almal wat moeg gewerk is en gedwing word om laste te dra en Ek sal julle rus gee. [29]Neem My juk op julle en leer van My, want Ek is vredevol en nederig van verstand, wil en emosie en julle sal rus vind vir julle gees, [30]want My juk is aangenaam en My las is lig."

Vader weet wat ons behoeftes is nog voordat ons Hom vra, maar Hy wil hê dat ons dit doen om ons afhanklikheid van Hom te erken. Niks rondom ons wandel behoort enigsins ingewikkeld of 'n las van watter aard ook al op ons te wees nie.

---

Ons vertrou dat hierdie gids nuttig te pas kan kom vir nuwelinge op die Weg van Waarheid sowel as mense wat dit al geruime tyd stap en dalk onsekerhede ervaar het oor sekere aspekte. Niemand van ons is volleerd of volmaak nie en ons kan almal by mekaar leer. Indien enigiemand voorstelle of besware wil maak of net dankie sê, my e-posadres is heel onder, voor die woordelys.

## Musiekskakels:

Lofprysing en sang is uiters noodsaaklik en ook een van die maklikste en mooiste maniere om Vader te loof. Augustine, die biskop van Hippo het gesê: "He who sings, prays twice." Dit is ook heel gepas omdat ons lees:

> *Mattityahu* 26 [30]Hulle het lofliedere gesing en uitgegaan na die Olyfberg.

Hierdie was pas na die liefdesmaal en word bevestig in *Marqos* 14:26.

Blaas van die *shofar*:
https://www.youtube.com/watch?v=DJwfsYxDgJ4

*Sh'ma*:
https://www.youtube.com/watch?v=hfDMIY3v0cQ

Hier is twee weergawes van *Shalom Aleichem* met vertalings wat baie maklik is om aan te leer:
*Shalom Aleichem* (vrede aan julle):
https://www.youtube.com/watch?v=trUaSv1-jIk
https://www.youtube.com/watch?v=j-wAAtCvPnQ

*Hevenu shalom aleichem* (ons bring vrede aan julle):
https://www.youtube.com/watch?v=JB4RMIWroMY

https://www.youtube.com/watch?v=H7lYWxRL2IM

Praise medley:
https://www.youtube.com/watch?v=FuAEUHPyglE

*YAH* of love:
https://www.youtube.com/watch?v=QcUyzRqzfe8

*HalleluYah*
https://www.youtube.com/watch?v=W0iVWWXEI-8

Hy Is:
https://www.youtube.com/watch?v=YpafbohG28w

*Yeshua* the Messiah:
https://www.youtube.com/watch?v=ilKFam8WuZ4

Soos 'n takbok:
https://www.youtube.com/watch?v=xDwZn-C4BpY
Gebed:
https://www.youtube.com/watch?v=B5QNOn1tWbU

Al hierdie musiekvideos het lirieke by en mag vrylik gebruik en gedeel word.

Seënwense met jul voorbereiding vir *Shabbat* asook die verwelkoming daarvan. Mag elkeen Vader se aangesig ervaar en hul hartsbegeertes vervul word.

In diens van die enigste Skepper-Lewende *Elohim* en in die voetspore van *Yeshua*, soos Hy *Torah* vervul het.

Hein Zentgraf
theway146@silvertrumpet.net

18 *Iyar* 5780 / 12 Mei 2020
Bygewerk op 16 *Adar* II 5782 / 18 Maart 2022
Bygewerk op 12 *Aviv* 5782 / 12 April 2022
Bygewerk 20 *Adar* 5786 / 8 Maart 2026

## Woordelys:

*Shabbat* – Sabbat, die sewende dag van die week soos deur *YAH* self benoem en afgesonder is vir die mensdom

*Bavel* – Babilon

*Yeshua* – die Aramese naam soos ons Verlossing bekend gestaan het. Die Christene het dit foutiewelik leer ken as Jesus

*TaNaKh* – afkorting vir ***T**orah* (vyf boeke wat algemeen aanvaar word as deur *Mosheh* geskryf, ***N**evi'im* (profete) en ***K**'tuvim* (geskrifte). Christene ken dit as die 'ou testament'

*Mosheh* – Moses

*B'reisheet* – Genesis

*Marqos* – Markus

*Yisra'el* – Israel

*Pesach* – Pasga, ook verkeerdelik genoem Paasfees

*Sh'mot* – Eksodus

יהוה – die werklik Naam van ons Skepper-*YAH* en nie Here of HERE soos in meeste vertalings gesien word nie. Dit word uitgespreek 'Yahuah' (Ja-Hoe-ah), terwyl sommige ook praat van 'Ja-Weh'. Geen uitspraak is noodwendig reg of verkeerd nie en wanneer ons hierdie Naam gebruik, moet dit met uiterse ontsag en respekvolle vrees gebruik word. Ons verkies egter om die woord '*Adonai*' te gebruik, wat vertaal as "my Meester".

*Vayiqra* – Levitikus

*Avraham* – Abraham

*Malki-Tzedeq* – Melgisedek

*Yitz'chak* – Isak

*Avimelekh* – Abiméleg

*Ya'aqov* – Jakob

*Lavan* – Laban

*Luqas* – Lukas

*Mizmor* – Psalm. Hierdie verwys na 'n enkele psalm; wanneer na die hele boek van Psalms verwys word, word die woord '*Tehilim*' gebruik

*Aharon* – Aäron

*Nadav* – Nadab

*Avihu* – Abíhu

*Y'hoshua* – Joshua

*talmidim* – (studente)volgelinge, dissipels

*Sha'ul* – Saul/Paulus

*Noach* – Noag

*Torah* – verkeerdelik vertaal as 'wet' in meeste vertalings; dit beteken egter instruksies, reëls. Soos bo genoem, verwys dit ook na die vyf boeke wat aan *Mosheh* opgedra word omdat al die reëls en riglyne wat Vader vir *Mosheh* gegee het, daarin vervat is.

*B'midbar* – Numeri

*D'varim* – Deuteronomium

*Shofar* – ramshoring van 'n skaap, bok, koedoe of enige rein dier volgens *Vayiqra* 11 en *D'varim* 14

*Mishlei* – Spreuke

*Amein* – Amen, soos die Christene dit ken. Die woord word ongelukkig ook in heidense kringe gebruik, derhalwe is die uitspraak '*amein*' meer aanvaarbaar, maar nêrens 'n opdrag nie

*Shalom* – die standaard groet in Hebreeus wat beteken om iemand toe te wens: Vrede, vreugde, gesondheid voorspoed en vergenoegdheid

*Mattityahu* – Mattheus

*Efrayim* – Efraim

*M'nasheh* – Manasse

*Yosef* – Josef

*Sarah* – Sara

*Rivqah* – Rebekka

*Le'ah* – Lea

*Rachel* – Ragel

*Na'omi* – Naomi

*Beit-Lechem* – Bethlem

*Yochanan* – Johannes

*Qohelet* – Prediker

*Nechemyah* – Nehemia

*Havakkuk* – Habbakuk

*Timotheos* – Timotheus